I need help in paying for special services for my child (speech therapy, doctor's consultation etc.)			
I need help in paying and arranging transport for my child			
I need help in paying for additional expenses/ special equipment my child need (FM system, batteries etc.)			

C4. How much support do you currently receive from the following persons?

	Very much	Average	A little bit	Non
Spouse				
Family members				
Friends				
Audiologist				
Parent guidance therapist				

Section D: Information Needs

Many parents of children with a hearing loss have needs for information. To follow is a list of the topics frequently identified. Do you have the need to receive information on each one of these topics?

D1. Needs for information on hearing and hearing loss:

	Yes	No	Unsure
21. how normal ears hear and how the ear works			
22. how my child with a hearing loss hears			
23. causes of hearing loss			
24. understanding the audiogram			
25. how hearing aids work			
26. what to expect from hearing aids			
27. care and maintenance of hearing aids			
28. FM systems and other types of hearing aids			
29. cochlear implants			
30. how to keep hearing aids in my child's ears			

D2. Needs for information on language and communication:

	Yes	No	Unsure
31. how will a hearing loss affect my child's ability to learn to talk			
32. how to teach my child to listen and talk			
33. how language develops			
34. how my child will communicate			
35. how can I communicate with my child			

D3. Needs for information on intervention and educational options:

	Yes	No	Unsure
36. information about communication options/ approaches (sign language, natural auditory oral etc.)			
37. information about early intervention services/ programs available for my child			
38. information about educational options for my child			
39. information about audiological services			
40. information about speech language pathology services			

(Compiled in part from: *The Family Needs Survey*, Baily & Smeonsson, 1990).

D4. From the numbered list above (1-20), indicate the **5** most important topics that applied to you **at the time your child's hearing loss was identified** (in other words, what were the most important things you wanted to know at the time of the diagnosis):

D5. From the above numbered list (1-20), indicate the **5** most important topics that applied to you **a few months after the hearing loss was identified**:

Thank you so much for your participation!

For office use only

Respondent number:

Degree of hearing loss:

Sight (15-40 dBHL)	
Mild (40-55 dBHL)	
Mild-severe (55-70 dBHL)	
Severe (70-90 dBHL)	
Profound (>90 dBHL)	

Bylae D



Universiteit van Pretoria

Pretoria 0002 Republiek van Suid-Afrika Tel 012-420-2357
/ 012-420-2816 Faks 012-420-3517 <http://www.up.ac.za>


Departement Kommunikasiepatologie
Spraak- Stem- en Gehoorkliniek


Mei 2005


INGELIGTE TOESTEMMING TOT DEELNAME AAN FOKUS GROEPE

1. **Titel van die studie:** Gehoorgestremdheid by jong kinders: Ouers se inisiële behoeftes vir inligting en ondersteuning.
2. **Doel van studie:** Die doel van hierdie studie is om ouers van gehoorgestremde kinders se behoeftes vir inligting en ondersteuning by tye van diagnose en tydens vroeë intervensie te bepaal.
3. **Prosedure:** Daar sal van my verwag word om deel te neem aan 'n fokus groep bespreking deur my persoonlike ervarings en opinies met ander groepslede te deel.
4. **Risiko's en ongerief:** Die fokus groep bespreking sal ongeveer 'n uur en 'n half van my tyd in beslag neem. Daar is geen verdere risiko's verbonde aan hierdie studie nie.
5. **Waarde van studie:** Die resultate van hierdie studie sal pediatriese oudioloë rig in hoe die diagnose van gehoorgestremdheid oorgedra moet word. Verder sal resultate ook aangewend word om die huidige dienslewering aan jong gehoorgestremde kinders en hulle ouers te verbeter in terme van inligtingverskaffing en volgehoue ondersteuning. Ouers se spesifieke behoeftes vir inligting en ondersteuning by tye van diagnose, asook tydens vroeë intervensie sal bepaal word.
6. **Regte van die deelnemer:** Ek aanvaar om vrywillig aan fokus groep besprekings deel te neem en het die volste reg om enige tyd te onttrek.
7. **Vertroulikheid:** Ek verstaan dat die inligting wat ek gaan verskaf vertroulik hanteer sal word en dat ek anonim sal bly. Die resultate van hierdie studie mag in professionele tydskrifte gepubliseer word of voorgedra word, maar my en my kind(ers) se name en persoonlike besonderhede sal nie bekend gemaak word nie.

Indien ek enige verdere vrae of onsekerhede het kan ek te alle tye vir **Talita van der Spuy** skakel by 082 839 8343.


.....
Talita van der Spuy
Navorser


.....
Lidia Pottas
Studieleier


.....
Prof Brenda Louw
Hoof: Dept. Kommunikasiepatologie

Naam van Deelnemer: Datum:

SKRIFTELIKE TOESTEMMING TOT DEELNAME AAN FOKUSGROEP BESPREKINGS

**Gehoorgestremdheid by jong kinders:
Ouers se inisiële behoeftes vir inligting en ondersteuning**


Ek verstaan my regte as deelnemer aan hierdie fokusgroep bespreking en verstaan ook die waarde van die studie en waarom dit uitgevoer word.

Ek verbind myself vrywillig om deel te neem aan hierdie studie.

.....
Handtekening van Deelnemer

.....
Datum

.....
Handtekening van Navorser



University of Pretoria

Pretoria 0002 Republic of South Africa Tel 012-420-2357
/ 012-420-2816 Fax 012-420-3517 <http://www.up.ac.za>

Department of Communication Pathology
Speech, Voice and Hearing Clinic

May 2005

INFORMED CONSENT TO PARTICIPATE IN FOCUS GROUP DISCUSSIONS

1. **Title of Study:** Hearing impairment in young children: Parent's initial needs for information and support.
2. **Purpose of this study:** The purpose of this study is to determine parents of hearing impaired children's specific needs for information and support at diagnosis and during early intervention.
3. **Procedure:** I will be requested to participate in a focus group discussion, by sharing my personal experiences and opinions with other group members.
4. **Risks and discomforts:** The focus group discussion will take approximately one and a half hours. There are no further risks or discomforts associated with this study.
5. **Benefits of study:** The results of this study will guide pediatric audiologists in how to carry over the diagnosis of hearing impairment and will shape current service delivery to parents and their young hearing impaired children in terms of the giving of appropriate information and ongoing support. Parents' specific needs for information and support at time of diagnosis and during early intervention will be determined.
6. **Participant's rights:** I agree to voluntary participate in focus group discussions and may withdraw from it at any time.
7. **Confidentiality:** I understand that the information that I will provide will be treated as confidential and I will remain anonymous. The results of this study may be published in professional journals and presented at conferences, but my name and my child(ren)'s names and/or personal details will not be revealed.

Should I have any questions or concerns, I may contact Talita van der Spuy at 082 839 8343 at any time.

.....
Talita van der Spuy
Researcher

.....
Lidia Pottas
Research Leader

.....
Prof Brenda Louw
Head: Dept. of Communication Pathology

Name of Participant :

Date:

WRITTEN CONSENT TO PARTICIPATION IN FOCUS GROUPS

**Hearing impairment in children:
Parent's initial needs for information and support**

I understand my rights as a research participant and I voluntarily consent to the participation in focus groups.

I understand what the study is about and how and why it is being done.

.....
Signature of Participant

.....
Date

.....
Signature of Principle Investigator

Bylae E
FOKUSGROEPGIDS

1. Openings vraag:

“Wat is jou naam en vertel vir onseen ding van jou kind wat jou laat glimlag”

2. Inleidende vraag:

“Hoe het julle uitgevind julle kind het 'n gehoorverlies? Vertel ons van jou persoonlike ervaring daarvan”

3. Oorgangsvraag:

“Noudat jou kind reeds gediagnoseer is, gepas is met gehoorapparate/ kogleêre inplanting en inskaker by (intervensie sentrum), hoe gaan dit nou met jou?”

4. Seutel vrae:

- “Wat is ouers se behoeftes wanneer die diagnose van 'n gehoorverlies oorgedra word (wat word beskou as leemtes)?”
- “Wat sal jy sê is ouers se spesifieke behoeftes vir inligting wanneer hulle hoor hulle kind het 'n gehoorverlies?”
- “Wat is ouers se behoeftes vir ondersteuning en berading wanneer hulle hoor hulle kind het 'n gehoorverlies?”
- “Hoe moet ouers deurlopend by (intervensie sentrum) ondersteun word?”

5. Afsluitings vrae:

- **Refleksie vraag:**
“Van alles wat ons nou bespreek het, wat sou jy sê is die grootste behoefte van ouers van kinders met 'n gehoorverlies?”
- **Opsommende vraag:**
“Het ek alles waaroor ons gepraat het korrek opgesom?”
- **Finale vraag:**
“Is daar enige iets wat belangrik is waaroor ons nie gepraat het nie?”

FOCUS GROUP GUIDE

1. Opening question:

“What is your name and share with us one thing about your child that makes you smile”

2. Introductory question:

“How did you first discovered that your child has a hearing loss. Share with us your personal experience.”

3. Transitional question:

“Now that your child is diagnosed, fitted with hearing aids/ cochlear implant and you are part of the (intervention center), how is it going with you now?”

4. Key Questions:


- “What is parents’ needs when the diagnosis of a hearing loss is carried over (what is considered as the pitfalls)?”
- “What would you say are parents’ specific needs for information when they hear their child has a hearing loss?”
- “What is parents needs for support and counseling when they’ve heard their child has a hearing loss?”
- “How should parents continually be supported at (intervention center)?”

5. Closing Questions:

- **Reflection question:**
“From everything we’ve discussed up to now, what would you consider to be the greatest need of parents with children with a hearing loss?”
- **Summary question:**
“Did I sum up everything that we’ve discussed correctly?”
- **Final question:**
“Is there anything important that we haven’t talked about?”

Bylae F

Lede: Navorsingsvoorstel- en Etiekkomitee
Dr P Chiroro; Dr L Davis; Prof C Delport;
Dr JEH Grobler; Prof KL Harris; Prof E Krüger;
Prof B Louw (Voorsitter); Prof D Prinsloo;
Prof G Prinsloo; Dr E Taljard; Prof H van der Mescht;
Prof J van Eeden; Prof A Wessels; Mnr FG Wolmarans



Universiteit van Pretoria
Navorsingsvoorstel- en Etiekkomitee
Fakulteit Geesteswetenskappe

22 Junie 2005

Beste Doktor Pottas

Projek: *Gehoorgestremdheid by jong kinders: Ouers se inisiële behoeftes vir inligting en ondersteuning*
Navorser: T van der Spuy
Leier: L Pottas
Departement: Kommunikasiepatologie
Verwysingsnommer: 9805629

Baie dankie vir u respons op die komitee se skrywe van 8 November 2004.

Die aansoek is op 'n *ad hoc* basis deur die komitee goedgekeur op 20 Junie 2005.

Die goedkeuring word verleen onderhewig aan die voorwaarde dat die kandidaat wel die navorsing volgens die beginsels en binne die parameters soos in die aansoek en navorsingsvoorstel deur haar uiteengesit, sal uitvoer.

Die komitee wil u graag versoek om bogenoemde goedkeuring aan me van der Spuy oor te dra.

Ons wens u sukses met die projek toe.

Vriendelike groete

Prof Brenda Louw
Voorsitter: Navorsingsvoorstel- en Etiekkomitee
Fakulteit Geesteswetenskappe
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Bylae G

FOKUS GROEP BESPREKING

AFRIKAANSE FOKUS GROEP

F: As julle nou terugdink, hoe het julle uitgevind jou kind het 'n gehoorverlies? Vertel bietjie vir ons wat was jou persoonlike ervaring daarvan.

2: 2001, het taal opgetel, niks het vir my laat agterkom ek sit met 'n dowe kind nie. Sy taal was dan daar. Ek het eendag van die werk af gekom, ek het geroep, maar hy het doodstil gestaan. Ek het iets laat val, maar hy het steeds doodstil gestaan. Ek het hom TV toe gevat, dit kliphard aangesit en enige kind se reaksie istog om na hulle ore te gryp..... het net gestaan. Toe sê ek vir my ma ek dink hier is 'n probleem. Die volgende dag het ek hom na die huisdokter toe gevat en hy verwys my toe na 'n oudioloog en daar het sy fisies vir my gesê het 'n gehoorprobleem. Toe is ek verwys na hospitaal toe en daarvandaan na die (intervensie sentrum). En die oorsaak van sy gehoorverlies is vir ons almal steeds onbekend. Hy was amper 3 jaar oud en dit was 'n helse skok. My kind het taal en nou het hy eweskielik alsverloor en hy was nie siek nie en niemand kon iets sê nie. Hy is deur toets en toets...

1: Was julle by genetika?

2: Daar is nie doofheid in ons familie nie, niks nie.

1: My seuntjie is geneties. Sy doofheid is geneties.

4: Onsgaan ons maar laat toets.

1: Is julle enetjie ook geneties van aard?

4: Onsweet nie.

F: Vertel bietjie vir ons van julle ervaring met klein

5: Vir ons was dit 'n baie hartseer storie. Om 'n lang storie kort te maak is dat almal vir ons gesê het daar is nie fout met nie.

F: Julle was bekommerd....?

5: Ja, omdat hy elke dag by my ma bly. My ma kyk na sy nefie ook, die tweetjies speel elke dag saam. Toe bel my ma my eendag en sê maar hiersdan fout met Toe vat ons vir na 'n gehoorsentrum toe, toe sê hulle vir my nee, hulle kan sien daar is nie fout met hom nie. Ons probleem was het toe nog nie gepraat nie, hy het nie eers een woordjie, hy het niks gesê nie. Hy was so jaar en sy nefie kon toe al babbel. Maar is verskriklik intelligent. Toe vat onshom gehoorsentrum toe en hulle sê daar is nie fout met ons kind nie, ons moet hom nie druk nie, seuntjiespraat later en ons aanvaar dit dan so. Ons moet so na 3 jaar oud terugkom en as daar nog fout is, dan weet ons nou daar is fout. En toe soos die liewe Heer dit wil hê, gaan haal ek hom een middag daar in die Paarl en ek sit hom in sy kamer en hy speel en ek vat die lego blokkies en ek gooi dit agter hom. Ek sien hy sit net daar in die hoekie en toe dadelik die middag maak ek 'n afspraak by 'n spesialis en hy verwys my toe na, die oudioloog. Ag, toe hulle die eerste toets doen, toe sê ek vir my vrou die kind is doof. En daarna toe doen hulle die breinstam, toe maak hulle hom aan die slaap. Hulle kon ongelukkig net die regter oortjie doen want toe word hy wakker. Toe sê hy (die oudioloog) vir ons maar dit wat hy nou sien bevestig die breinstam. En ek is eerlik, daai middag, (dit was 'n Vrydagmiddag), daai middag het ek ge-"crack". Totaal en al ge-"crack". Oppad van die oudioloog tot in die Paarl het ek die heelyd gehuil. Baie dae vat dit nog aan 'n man, ek glo nie met 'n dowe kind jy sal sommer eweskielik regkom nie. Dit is amper soos iemand wat jy aan die dood afgestaan het. Eendag is jy hier bo en die ander dag is jy weer heel onder. Toe het ons die apparaatjies gekoop en toe kom ons weer sodat hulle hom kan meet. Toe sê hulle vir ons hy sal nooit die spraak kan hoor wat ons praat nie. Want die apparaat het hom baie mooi gebring van 70 na omtrent so 55. Hy sal nou wys daar is iemand by die deur wat klop of wanneer die hond blaf. En toe het ons nou die implanting laat doen en van toe af kon jy sien is 'n ander kind. Dis "amazing". Hy is totaal en al 'n ander kind. Hy was voor die aparate hiper-aktief, jy kon nie met hom huis gehou het nie. Ek sê vir my vrou hy het my party dae so kwaad gehad en dan het ek hom geslaan en gevra hoekom luister jy nie vir Pappa nie? Na ek nou gehoor het hy's doof, jy benader hom heeltemal op 'n ander manier. Maar hy het ook maar soos enige ander

kind "tantrims" en goed. Dis maar moeilik om te hanteer. Wanneer slaan jy en wanneer nie? So dit is nou in 'n neutedop ons situasie. Maar dit is 'n skok, skok, skok, skok, skok. Van die begin tot aan die einde. En ek dink my vrou vat dit erger asek.

4: (huil)

1: Maar dit is goed dat sy huil. Jy mag huil. Jy moet huil. Snaaksgenoeg, laasjaar met die kleintjies se modeparade het ek 'n "depro" geslaan toe ek hoor hoe die groter kinders praat. Om te dink my kind sal ook so kan praat....

F: Nou dat jy aan die gesels is, vertel ons van jou ervaring.

1: Myne was sommer net 3 dae oud toe weet ek al. Met daai gehoortoets, die OAE in die hospitaal.

3: Toe 'n baba was het hulle dit nog nie gedoen nie.

1: Toe het hulle vir my gesê daar is fout. Toe sê hulle maar hy kan vog in sy oortjies hê en ons moet oor 6 weke weer laat toets. Toe weet ons daar is fout en ek is toe verwys na (die oudioloog). Hulle het die breinstam gedoen en op 4 maande het hy appaarte gekry. Hy het gelukkig nie 'n kogleêre implanting nodig nie.

5: Maar asek nou maar kan vra, die dag toe hy gebore is, het hulle hom dadelik getoets?

1: Hy was 3 dae oud, net voor ek ontslaan is.

5: Ek is tot 'n mate, ek sal nou nie verwydte gooi nie, maar kyk soos in ons geval, hy is gebore in die hospitaal in My redenasie is net dit help nie die pediater kyk net die kind so, sien voetjies is daar, 10 tone, woeps waps en als is reg nie. Maak nie saak waar nie, as enige kind gebore word, moet daar toetsê gedoen word. En daai tyd, maar ek glo ook dis hoe die Here se wil is en hy stap 'n pad met 'n man en ek glo ek moes nou seker nie daai tyd dit geweet het nie. As mens dit daai tyd al geweet het, dit kon soveel anderster geweeshet. Maar nou moet jy die hele proses deur maak, die hele skok na 2 jaar en 'n maand.

F: vertel ons van jou kind,

3: is 'n 2000 gebore en ons was 'n klomp vriendinne wat saam babas gehad het en toe het ek hom nou later bietjie begin vergelyk met die ander en ek was bietjie bekommerd oor sy gehoor. My hele familie weet ek het dit die heelyd gesê. Ons het ook glad nie doofheid aan albei van ons se kante nie. Maar ek was bekommerd Ek dink dit is daai moederlike instink. Almal het natuurlik gedink ek is heel mal. Die pediater in Stellenbosch het gesê daar is geen fout met my kind nie. Sy response was toevallig en ek het gewag tot sy 6 maande ondersoek. En ek onthou nog die pediater het die rateltoets gedoen en sy sê toe maar se gehoor is swak want hy het nie gereageer nie! Sy sê toe sy dink nie hy is doof nie, want hy het goeie balans en sit toe ook al. Dalk het hy vog in sy ore. Toe bel ek vir (wat ook 2 dowe kinders het) en ek vra toe waar het sy haar kinders laat toets. Ek vat hom toe na (die oudioloog) toe. Sy toets toe en sê daar is 'n blokkasie in sy ore, daar is vog in sy middelore en ek vat hom toe na Dr. toe ('n Oor-, Neus- en Keelspesialis). En so begin dit toe. Ek was seker 20 keer by die ONK en die oudioloog en mens raak so vies. My man was ook vies dat mens elke keer moet teruggaan. Op die ou einde was 'n jaar en 1 maand toe hy sy gehoorapparaat gekry het. Daardie dag met die breinstam, ek het op Worcester grootgeword, so ek sien toe net Del a Bat Sy verduidelik toe vir my die hele storie en ek is toe in tranes. Maar hy hoor goed met sy appaarte. Ek was ook hartseer, maar asek vandag terugdink, dis 'n fase waardeur mens moet werk.

1: Ek sê nou nie ek raak nie meer hartseer nie, maar my dogtertjie het ook breinskade opgedoen en is 'n spasiese dipleg, mens sou dit nooit kon sê nie. Toe vat ek haar fisio toe en toe besef ek wat is gestremd. Ons kinders gaan 'n normale lewe kan lei, sal na 'n normale skool toe kan gaan. So troos jou net daaraan, ek weet dit is hartseer, jy moet daardeur gaan, dis deel van die helings-proses. Maar daar is soveel erger.

3: En het ook nie dowe intonasie nie, waaroor ek dankbaar is. Aanvanklik weet mens mos nie wat vir jou kind wag nie en dit maak jou hartseer. Jy weet nie hoe hy gaan praat nie.

5: Maar snaaks, wat ek nou in hierdie tydjie by (intervensie sentrum) geleer het. Ek ondervind dit by alle dowe kindertjies, hulle is nie skaam nie. Maar soos julle ook nou sal weet, met 1 normale kind en 1 dowe, wat ek ondervind, lyk my die liewe Heer het nou

vir hom doofheid gegee, maar in ander situasies is hy baie sterk. Hy “perform” net beter in iets anderste.

F: Dit bring ons somer by ons volgende vraag waaroor ons bietjie gaan gesels. Wat sou julle sê is ouers se spesifieke behoeftes as dit kom by hoe die diagnose van 'n gehoorverlies oorgedra word. Met ander woorde, hoe sou julle graag die diagnose wou verneem en wat is die bestaande leemtes?

2: My oudioloog het so die nuus aan my oorgedra: “Man, ek dink jou babatjie sit met 'n probleem, ek gaan jou verwys na mense wat jou verder kan help”. Dit is nou kalmerend.... Ek wil hoor wat is die diagnose. Ek verwag ook natuurlik die ergste. het toe 'n ergere hoor probleem. Dit is nou November en Desember (skoolvakansie) lê om die draai en sy kon nie vir 'n afspraak kry by die spesialisnie. Ek sê toe maar dan maak jy nou by iemand vir my 'n afspraak, want elke dag wat ek nou my kind kan help is 'n stukkie goud.

1: het ook 'n magdom breinstamme gehad want hy het elke keer wakker geword. Ek het die heelyd geweet daar is 'n probleem. Maar daai dag, 9 Januarie toe sy (die oudioloog) vir my sê hy is doof of het 'n erge gehoorverlies, het ek my byna dood gehuil. Ek het by die huis gekom, hom in sy kot gaan sit, na my kamer toe gegaan en ek het gaan huil. Maar maak nie saak hoe dit oorgedra word aan jou nie, dit is skokkend.

5: Wat ek nou wel kan sê toe ons nou by (die oudioloog) was, hy het dit vir my op 'n baie mooi manier gesê. Wat ek baie admireer van hom is dat, wat vir my 'n groot skok was, hy't vir ons gesê: “..... en (ma en pa), ek wil nou vir julle iets reguit sê en ek wil nou nie doekies omdraai nie, maar het 'n baie baie hoë grens van doofheid”. Soos in die ou taal sou mens sê hy is stokdoof. Toe sê hy vir ons op 'n baie mooi manier: “Daar is hoop. Daar is baie hoop en hulle vorder baie met sulke kindertjies. In die eerste plek is daar gehoorapparate en as dit nie werk nie, 'n kogleêre implanting”. Maar wat ek nou baie van hom geadmireer het, elke dag nadat ons nou daar was, het hy my gebel. Eerste ding wat hy gesê het, apparaatjies, dit kos R30 000. Waar krap jy nou somer vinnig R30 000 uit? Ek sê vir hom, man, maar ek huil..... Vrydag het jy die R30 000, jy kan die apparaatjies solank bestel. Maar wat ek nou baie admireer, elke dag het hy gebel, “Hoe gaan dit? Jy moet vir my sê as daar fout is, ek help jou”. So dit was vir my 'n groot skok, maar aan die ander kant was dit vir my 'n vertroosting, daai ou dink elke dag aan ons. So daar haal ek nou eintlik my hoed vir hom af, ek het nou al baie dingetjies by hom geleer. Dit sal ek nou “like” as iemand dit só doen. Die probleem is mense sê nou die ding en dan is dit op die tafel en nou's jy op jou eie. Ek dink hulle wat dit oordra aan jou moet saam met jou daai paadjie stap. Mens wonder nou wat is die pad vorentoe? So ek dink daar is dalk 'n groot leemte by hoe hulle dit oordra.

F: Is daar enige iemand wat nog hieroor iets wou bylas? Kom ons gesels dan oor die volgende aspek wat julle al klaar aangeraak het. Wat sou julle sê is ouers se spesifieke behoeftes vir inligting wanneer hulle hoor hulle kind het 'n gehoorverlies? Met ander woorde, wat presies wou julle op daardie stadium weet? Watter inligting wou julle by die oudioloog kry?

3: Hoe lyk my kind se toekoms was my eerste ding.

1: Vir my was dit die oorsaak. Ek wou dadelik weet hoekom is my kind doof.

4: Ek dink in die geval van die gehoorsentrum, ek gooi nie verwydte en klippe nie. Hulle het vir ons gesê hy makeer niks. As hulle getwyfel het, hoekom het hulle nie gesê wat is die volgende stap nie?

5: Hulle het gesê ons moet die kind ryp druk, ek sê die dag vir die vrou: “Dame ek hoor wat jy sê, dis waar seuntjiespraat later”. Maar toe sê sy nog kom op 3 jaar terug dan sal ons presies vir jou kan sê wat fout is. Nou moet ek weer terugkom en dit is mense wat geleerd is in die goed en ek dink tog as jy geleer word leer jy darem die basiese goed, hoe hanteer jy die mense. Wat vir my net baie kwaad gemaak het is as sy getwyfel het oor, dan moes sy gesê het, ek is nie 'n oudioloog nie. Want dit help nie jy gooi goed in die lug en jy dink goed is maar so en so...

4: Of kry dan nog 'n opinie, ek verwys jou na 'n gehoorsentrum dan hoor jy wat hulle sê. Toe ons die derde keer terug gaan, toe dring my man aan dat ons 'n spesialis sien.

5: Daar is 'n groot leemte vir my, ek weet nie of dit orals so is nie, maar daar is tog 'n groot leemte.

4: Hulle het nie vir ons vertel hier is 'n sentrum in die Kaap waar jy kan gaan vir breinstamtoetse nie. As iemand twyfel, gaan verder, hoe vroeër, hoe beter....

- 5: Vir my die volgende "major" behoefte vir inligting is finansies. Julle almal weet self hoeveel kosgoed. Dank die liewe Vader ons mediese fondse het alles betaal. Maar ek sê baie aande vir my vrou as ons godsdiens hou, wat van die ander pa's en ma's wie se kindertjies appaarte of inplantings moet kry - dit kos alles geld en al die mediese fondse betaal dit nie. Dan wil ek hê die ou wat dit vir my oordra moet vir jou bietjie raad en wysheid gee en ook darem begrip. Want R30 000 of R140 000 is nie 'n grap nie. Dit is so groot skok, dit is skok op skok. Hulle sê jou kind is doof, die volgende skok die finansiële komplikasies- wat is die volgende prosedure en die prosedure daarna? Ten opsigte van kennis en ten opsigte van mediese uitgawes moet hulle vir jou baie meer inligting gee.

F: Dit wil vir my voorkom asof leiding met die finansies regtig vir julle 'n behoefte is. Wil iemand nog iets byvoeg met betrekking tot behoeftes vir inligting? Volgende wil ek vir julle vra, wat sou julle sê is ouers se behoeftes vir berading en ondersteuning wanneer hulle hoor van hulle kind se gehoorverlies? Hoe wil ouers ondersteun word? Wat is of was julle spesifieke behoeftes?

- 2: Ek het fisies vir my familie gesê, dit is my kind en ek gaan "deal" met die probleem. Hoe julle gaan "deal" met hierdie probleem is nie my saak nie. Al wat ek van julle vra, moet nie my of my kind bejammer nie, want ek bejammer nie myself nie. Want asek vir myself gaan bejammer, gaan ek my kind elke keer jammer kry en waarop gaan dit afstuur? Ek behandel vir soos enige ander normale kind. Ek het vrede gemaak met die probleem wat hy het. Hy gaan met die probleem sit vir die res van sy lewe en ek gaan hom ondersteun soveel as wat ek kan. En asek die dag nie meer daar is nie, moet hy op sy eie 2 bene kan staan.
- 3: Ek moet sê ek het nogal voldoende ondersteuning gekry by (Ouerleidings-terapeut) hier by Ouerleiding.
- 5: Van my en my vrou se kant af moet ek sê oor die ondersteuning- ons 2 moet albei fisies werk. Wat ons probleem is en waaraan ek so baie dink, as jou kind by 'n sentrum soos die (intervensie sentrum) is en die man en vrou moet albei werk, dan verwag ek dat iemand van hier af na die werks-mense of besighede toe moet gaan en die situasie gaan verduidelik dat 'n dowe kind Ouerleiding en terapie moet kry. Jy moet by jou werkgever 'n vlak van ondersteuning kweek, want ek vind by ons hulle is tog ondersteunend, maar sal party dae vra of hierdie goed werklik nodig is? Mense verstaan nie, en met jou kind ook- hulle verwag wonderwerke. As hulle vra: "Praat jou kind al?", dan wil ek deur die dak klim! Daar moet 'n verteenwoordiger na werke toe gaan, want mense sien die dinge nie in nie....
- 3: Aan die begin in ons situasie, het almal in die familie gesê onsmoenie "worry" nie, hulle sal help. Maar later gaan almal net aan met hulle eie dingetjies. Jy moet leer om op jou eie te "cope"- dis maar net hoe dit werk...
- 2: Oe, en ek haat die woord: "Ag, Shame..."! Ek verpes dit!
- 3: Ek was aan die begin ook baie liggeraak daarvoor. Mense is net oningelig. Maar oordie ondersteuning, ek sou sê ek is nou op daardie punt dat ek regtig sal vra as ek hulp of ondersteuning nodig het. Ek dink ook hierdie behoeftes verander maar oor die tyd heen?

F: En, wat sou jy sê is ouers se behoeftes spesifiek vir berading en ondersteuning?

- 4: Ek onthou, ons was seker so half uur by die huis na se toets, toe het 'n goeie vriendin van my..... (huil.....). Die ondersteuning wat almal aan die begin gegee het is nou nie meer daar nie (huil).
- 5: Iemand wat nie self in die situasie is nie, vergeet en verstaan nie waaroor dit gaan nie. Dit sal 'n baie goeie ding wees om met ander ouers te kan praat, soos nou. Want ons almal weet mos waardeur ons gaan. Byvoorbeeld julle wat nou al bietjie ouer kinders het, julle kan vir ons sê, toemaar jy gaan eendag 'n stadium bereik dat jy só of só gaan voel.
- 3: Ja, mense wat al 'n langer pad gestap het en wat positief is. Mense wie se kinders praat...
- 2: Ai, as jou kind darem die dag by die huis kom en hy sê 'n nuwe woord, dit is wonderlik!
- 5: Ja nee, onsmag nog daarna!

F:, en wat van jou?

- 1: Ek dink ook ek is op daardie stadium dat as ek iets wil weet of bietjie ondersteuning nodig het, dat ek daarvoor sal vra, maar 4 het definitief nog ondersteuning op hierdie stadium nodig. Ek dink dit is so belangrik om te kan praat met ander ouers. Maar 4, daar gaan nog 'n stadium kom dat jy gaan rustig raag oor al hierdie dinge.
- 5: Ek dink die pa's ervaar 'n dowe kind 'n bietjie anders as die ma's. Want dit is maar vir enige ma 'n groot skok. Enige defek by 'n kind..... Die ma moet eintlik 'n bietjie meer terapie kry sou ek sê?
- 3: Ek onthou my man, ek weet nie of hy 'n ander manier het- of hy op sy eie gaan en gaan trane stort het, maar voor my het hy nog nooit gehuil nie. Toe ek so vreeslik gehuil het, het hy net gesê: "Ons gaan hierdie ding wen". Ek dink dis maar 'n manne- ding en dis vir hulle moeiliker om hulle emosies te wys. My man het my net getroos en dan weer aangegaan.
- 5: Ek dink die een dra die ander een. Die terapie op die vrou moet meer wees as vir die man, want ek dink dis maar vir enige vrou 'n groot skok...
- 2: Ek is nog 'n enkel ouer wat maak dat ek nog swaarder dra.
- 3: Dan juis het mens jou familie nodig? Mens sê familie staan agter jou, maar eintlik kan hulle jou nie die tipe raad en bystand gee wat ander mense in dieselfde bootjie vir jou kan gee nie.
- 1: As ek dit kan opsom sou ek sê daar is 3: professionele mense, tweedens ander ouers en derdens jou familie. Mens het al daardie fasette van ondersteuning nodig.

F: Om op te som, wat sou julle sê is ouers se enkele grootste behoefte as dit by ondersteuning kom?

- 3: My grootste behoefte was om te kon praat met iemand oor al hierdie dinge. En dan oor klein, definitief sy spraak, want vir my is die groot ding dat my kind in 'n hoofstroom skool sal kan ingaan en dan moet kan "cope". Daarvoor is ek bang want ek weet nie hoe hy gaan doen as hy daar kom nie. En dan ook hoe gaan die druk op ons as ouers wees? Wat gaan van my verwag word? Gaan jy ure saam met jou kind moet spandeer? Ek is maar skrikkerig....
- 1: Dis dalk nou heeltemal van die punt af, maar aan die begin was ek skaam vir my kind en ek wou nie hê mense moes sy appaarte sien nie. As ek winkel toe gaan, het ek dit uitgehaal, want dan kan die mense mos sien my kind is doof en ek wil nie hê hulle moet weet nie. Maar dit mag mos nie meer 'n "issue" wees nie?
- 5: My grootste ding, en ek sukkel nog 'n bietjie daarmee, is as volg. Wat so saam met die skok gekom het- jy het so baie trappe gemaak toe gebore is. Jy wil hê hy moet goed vaar op skool, hy moet darem sy ma en pa sê goed bereik wat ons bereik het. Maar vandag is my "main" ding net dat moet kan praat en goed kan kommunikeer. En dan ten minste om skool goed te kan klaarmaak. Dit is nou my grootste hoop en verwagting. Verder "worry" ek nie, hy hoef nou nie uit te blink in enige iets anders nie, net daai basiese ding om te kan praat en om soos 'n gewone kind deur die lewe te kan gaan – dit is my grootste behoefte.
- 3: Ek was so bang my kind gaan snaaks praat en dan is hy half 'n bespotting vir ander kinders...
- 5: Dit is mos maar jou wese, jy is eendag hier bo en eendag weer heel onder. Dit sal nooit somer net so klaps en als is reg wees nie. Dit gaan in die skool ook gebeur en ek weet gaan eendag by die huiskom en sê dié kind het vir hom sò gesê ten opsigte van sy gehoorprobleem. Dit is maar 'n moeilike storie.....

F: Ons tyd is verby en ons sluit af. In 'n neutedop, as julle terugkyk: julle persoonlike raad aan ander ouers?

- 1: Hou moed, dit raak makliker
- 3: Dit raak definitief beter, daar is hoop.
- 5: My raad aan ouers wat moet besluit om kinders te hê, as die kindjie gebore word, doen maar daai dag die moeite, laat toetshom. Moet nooit met die eerste antwoord tevrede wees nie, gaan soek liewer nog. Met enige probleem, leerprobleme of iets, gaan kry 'n ander opinie en 'n groter geheelbeeld. Dit het ek nou geleer.

F: (Samevatting en bedanking)

FOCUS GROUP DISCUSSION

ENGLISH FOCUS GROUP

- F: How did you first discover that your child has a hearing loss? Share with us in short your personal experience.
- 1: was premature, born at 6 months and 1 week. Death and life situation. With God's help we both made it. was in hospital for about 10 weeks, 3 or 4 serious bacterial infections. So that is why he is my miracle baby, I can't talk enough about that. I was prepared for anything worse.... Blindness, paralysis, anything..... I think God was preparing me beforehand for what was lying ahead. We don't know what was the cause, I think in his case it was the medication as well as being a premature baby. I've accepted the fact that this was the cause, well, the medication saved his life. I did a test at home for his hearing, I asked the doctor what is the side effects of premature babies and I came home the day after visiting the pediatrician. I stood behind and clapped my hands. So the funny thing about these children, they interact and you don't know whether they can hear or not. I told my husband there was something wrong. I phoned my friend (who also has a child with a hearing loss) for a number of an audiologist and got an appointment for 2 weeks later. I went to (the Audiologist), a very sweet man, very sensitive, asking me how did I feel about this issue. I said to him there's nothing wrong, but what can we do about this? What is the next step? My husband would say that I am so hard. What can I do to help my son to hear? I was already in the next step, my trauma was 10 weeks before this happened. To me this was a small blessing. So he's got a disability, not a liability. That to me was standing out. That's how I look at with that.
